



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Tekste	(30)
AFDELING C:	Korter Tekste: Transaksionele, Naslaan- en Informatiewe Tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy behoort ongeveer 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)**VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

1.1

**Dit gebeur so vinnig. Daar's 'n
harde ontploffing in my kop ...**

[50]**OF**

1.2

AGTER GLAS

[50]**OF**

- 1.3 Die kuberruim gons 24/7 soos mense gesels en inligting deel, maar dit vernietig die mens se sosiale lewe!

[50]**OF**

- 1.4 “Neem my saam in die holte van jou hart
Bêre my naam in jou hemp se laaste vou”

[Nataniël – uit *Saam*] [50]

OF

- 1.5

Hompie word weer heel

[50]

OF

- 1.6 1.6.1




(Internet)

[50]

OF

1.6.2




1993 Pulitzer Prize; Ken Geiger
Courtesy: Ken Geiger, William Snyder/ *The Dallas Morning News*

[50]

OF

1.6.3



[Internet Ben Goossens]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

2.1 BEDANKINGSBRIEF

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF na aanleiding van EEN van die onderstaande pluimpies. Verskaf besonderhede oor die diens/optrede/voorval waarin jy ook aandui wat die diens of optrede so besonders maak.

Dankie vir puik diens.

Julle het my soos 'n koning laat voel!

[30]

OF

2.2 BRIEF VAN GELUKWENSING

Skryf 'n brief van GELUKWENSING namens die leerders van jou skool aan 'n oudskolier wat presteer het.

[30]

OF

2.3 DIALOOG

Jou vriend/vriendin beleef 'n groot krisis en bel jou. Skryf julle dialoog neer.

[30]

OF

2.4 TOESPRAAK

Jy word gevra om die graad 11-leerders van jou skool toe te spreek. Skryf die TOESPRAAK waarin jy hulle onder andere wys op die "moets en moenies" wat op hulle tydens hul matriekjaar wag.

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

**AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE/NASLAAN-/
INFORMATIEWE TEKSTE****VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

3.1 UITNODIGING

Jy dien in die komitee wat die jaarlikse Sport en Kultuur Prestige-aand reël. NOOI die ouers, onderwysers en hooggeplaastes in die gemeenskap na die geleentheid uit.

[20]**OF****3.2 INSTRUKSIES**

'n Vreemdeling wil julle skool kom besoek, maar benodig leiding. Skryf rigtingaanwysings vir hom/haar neer oor hoe om by die skool uit te kom. Jou rigtingaanwysings moet puntsgewys aangebied word.

[20]**OF****3.3 ADVERTENSIE**

Ontwerp 'n ADVERTENSIE vir die Suid-Afrikaanse Bloeddiens na aanleiding van: NEEM 'N OOMBLIK EN GEE LEWE. Hierdie advertensie gaan gebruik word om bloedskenking by jou skool te adverteer.

LET WEL: Dié is 'n informatiewe teks. Jy sal dus GEEN punte vir versiering verdien nie.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

